**Ek ken jou goed genoeg … Die briefwisseling tussen N.P. van Wyk Louw en W.E.G Louw 1936-1939.**
J.C. Kannemeyer en andere (reds).
Pretoria: Protea Boekhuis. 2004. 309 pp.
ISBN 1-86919-088-2.

Tussen die jare 1936-1939 toe N.P. van Wyk Louw in Kaapstad gewoon het en in diens van die Universiteit van Kaapstad as lektor in die filosofie van die onderwys was, was sy broer, W.E.G Louw, in Nederland besig met sy doktorale studie in die letterkunde.

Hierdie boek is die eerste noukeurige, wetenskaplike, uitgawe van briewe op die gebied van die Afrikaanse letterkunde. Dit



1/27/2006, 2:06 PM

gee nie net inligting oor 'n belangrike periode in die Afrikaanse letterkunde nie, maar gee ook insig in die lewens en werk van hierdie twee prominente skrywers. Daarby is die briewe vanself belangrik: as literêre uitings, byna bewustelik gestruktureerd. Asof dit gelees sou word.

Die briewe is dokumente van die Afrikaanse kultuurgeskiedenis van daardie tyd. Daarin word ook bespiegel oor die konsepte "volk" en "nasie"; ook die feit dat meer as helfte "van ons Afri.s vandag *stedelike* loontrekkers is, wat sonder organisasie, sonder houvas byna, aan die Joodse, Kommun. & Engelse invloede blootgestel is …" (137). Ook oor Afrikanerskap en Afrikaans: waarom word 'n hele volk Afrikaans gemaak, en wat regverdig die keuse van een taal bo die ander? (183).

Natuurlik sal 'n groot aantal briewe oor die politiek gaan: oor Afrikaner-eenheid. Maar boeiend is die korrespondensie oor rassisme. Dis veral W.E.G. Louw wat sy broer teëgaan oor sy voorliefde vir die Duitsers van daardie tyd. Hy is besig om sy "naïewe bewondering" vir Duitsland te verloor, sê hy, veral ook vir 'n militante nasionale of rasse-selfverheerliking: "Ons eie lyding is die gevolg van hierdie imperialisme …' (57). En later, sy afkeer teen die fascisme (65). Waarop Van Wyk Louw antwoord: "Nas.sos is nie fascisme nie; die een berus op die idee van rassesuiwerheid, *net soos ook ons Afr. beskawing sal moet, of ondergaan*, fascisme is 'n ekonomiese 'settlement'" (kursivering van Louw, 73). Was ras-suiwerheid nie juis die begin van die Afrikaner se ondergang nie?

Die net waarin alles egter lê in hierdie briewe is die letterkunde, veral die poësie; en publikasie, uitgewers, kritici (die onvermoë om reg te lees, en die vooroordele van sommige kritici word vernietigend veroordeel) . In die eerste brief, van W.E.G.Louw (17 Febr. 1936) vra hy oor die vordering met die stigting van die Vereniging vir die Vrye Boek. Die doel van dié projek word in 'n voetnoot gegee: vernuwing, die oopstel van die letterkunde: "… vir alle winde van die gees, dat alles wat die mense se harte vandag in beroering bring, ook daarin kan uiting kry" (33). Dis opvallend dat die vryheid van skryf – tot vandag nog – beklemtoon word in publikasies. Eers was daar *Die Vrye Weekblad*, en nou is daar *Die Vrye Afrikaan*.

Oor die funksie van skryf sê Van Wyk Louw duidelik dat die groot strewe moet wees om "mooi goed" te maak: "heerlike, goddelike dinge wat ná ons almal dood is … nog mooi sal wees" (168). Later weer: wanneer jou werk gepubliseer gaan word, dan is daar opnuut die onbereikbare ideaal van nog mooier en dieper en wesenliker te skryf (185). Ook die konsep van 'n "nasionale letterkunde", wat teenstellings kan versoen, word bespreek.

Persoonlike lewens, lotgevalle en ervarings is soms vervelig en herhalend. Maar dan ook boeiend en hartseer. Dit begin by Brief 33, wanneer W.E.G. Louw aan broer skryf oor Van Wyk Louw se buite-egtelike verhouding; met die vertroue dat hy sal besef hy is verkeerd – want "ek ken jou goed genoeg …" (191). 'n Frase wat 'n refrein is (byvoorbeeld bladsye 157 en 205). Maar uiteindelik, ironies, het hy nie sy broer goed genoeg geken nie. Sy berisping raak so beledigend, dat Van Wyk Louw hom antwoord: "Jou eerste brief (…) kon ek jou vergeef – die deug moet heerlik wees – maar ek het my eie trots en my trots op 'n vrou wat ek bokant enigeen in die wêreld reken" (230). Daar bestaan nou die moontlikheid dat 'n "aktiewe korrespondensie" beëindig kan word; maar hulle korrespondeer tog weer – en ook weer oor ander sake.

Teen die einde van die korrespondensie, in Brief 55, bereik Van Wyk Louw se waar-



14 Resensies 03.pmd 209 1/27/2006, 2:06 PM

neming en insig 'n hoogtepunt. Dis asof die lewenservaring wat in die tydjie waarin hierdie briewe geskryf is in 'n groter wysheid in vervulling gekom het. Hy vertel dat hy "deesdae" met Engelse, kommuniste, en liberales in aanraking kom, voel hy beskaamd teenoor hulle, omdat hulle meer kennis as hy het, en uitstekende intellektueles is " … in teenstelling met ons eie tevrede burgerlikheid" (277). Met wie sal 'n jong Afrikaner kan verkeer? "Met ons eie burgerlike Afrikaners, met die Bonthuyse, die Dönges'se, en die ander goediges?" Oor koeitjies en kalfies en die Nasionale Party gesels? Hy betreur dit dat daar geen intellektuele Afrikaanse kring is waarvan hy deel kan word nie. As voorbeeld neem hy Uys Krige. Hy kom in Kaapstad, 'n Afrikaner net soos die Louw-broers, en byvoorbeeld deur *Die Burger* verwerp en beledig as "bedonderd". Maar Jode en uitlanders aanvaar hom, en hy kan in intellektuele geselskap verkeer. Hy wonder verder of die Afrikaner se redding nie lê in volkome segregasie nie; maar dan lewer hy ook kommentaar oor die opkoms van die ryk Afrikaner-boer wat kapitalistiese grondbesitter word, met goedkoop swart arbeid. En dat "die naturel" vrugbare grond is vir kommunisme; die oplossing is egter nie onderdrukking daarvan nie, maar ander – revolusionêre – aksies, "wat die lewe vir die blanke ook minder lui-lekker sal maak …" (282).

Die korrespondensie eindig waar dit begin het, met 'n verwysing na die Vereniging van die Vrye Boek. Die laaste brief word geskryf op 31 Augustus 1939, voordat W.E.G. Louw terugkeer Suid-Afrika toe.

*Ampie Coetzee*
Emeritus professor
Universiteit van Wes-Kaapland, Bellville



14 Resensies 03.pmd 210 1/27/2006, 2:06 PM